**Hy het gestaan tussen die dooies en die lewendes (OP49)**

**Num 16:1-50**

**18 Julie 2021**

Ons het nou die punt in Numeri bereik waar die volk in die woestyn is na die gebeure by Kades-Barnea, terwyl hulle wag dat die eerste geslag moet uitsterf, voordat die tweede geslag wel die beloofde land sal inneem. Vandag staan ons stil by Num 16 – dit is die gedeelte wat handel oor die opstand van Korag, Datan en Abiram. Ons weet nie hoe lank na Kades-Barnea dit plaasgevind het nie. Ek wil by die hoofstuk as geheel stilstaan, maar dit is 'n lang hoofstuk. Ek gaan dit dus nie vooraf eers as 'n geheel deurlees nie. Ek gaan dit stuk-stuk lees en telkens stop om belangrike dinge uit te lig. As ons dit deurgelees het, gaan ons direk aanbeweeg om te dink oor die betekenis.

<u>Vers 1-2:</u> Korag was 'n Leviet, en meer spesifiek deel van die Kehatgroep. Dit is die groep wat verantwoordelik was om die meublement van die tabernakel te dra wanneer die volk getrek het. Datan en Abiram was Rubeniete. En dan was daar ook nog 250 mans wat saam met hulle in opstand gekom het – hulle was leiers onder die volk, manne van aansien.

<u>Vers 3:</u> Hulle kla dit is nou genoeg: Moses en Aäron het, volgens hulle, hulle genoeg verhef bo die volk – die hele volk is gewyd/heilig, en nie net Moses en Aäron nie. Ons het dus weer 'n bevraagtekening van die gesag van Moses en Aäron.

<u>Vers 4-7:</u> Moses val op sy knieë en bid. Daarna sê hy vir die opstandelinge dat die Here sal aanwys by wie aan Hom behoort. Korag en almal by hom moet die volgende dag met vuurpanne, vuur en wierook na die altaar toe kom.

<u>Vers 8-11:</u> Moses praat met Korag en dit word duidelik dat Korag se eintlike beswaar is dat hy net 'n Leviet is, hy sou eerder ook priester en miskien self hoëpriester wou wees, soos Aäron.

<u>Vers 12-14:</u> Datan en Abiram se beswaar blyk ietwat anders te wees as die van Korag. Hulle daag Moses se gesag uit deurdat hulle weier om na hom te kom, en deurdat hulle hom beskuldig dat hy almal mislei het: hy het hulle laat trek uit die land van melk en heuning (hulle beskrywing van Egipte) om in die woestyn te sterf.

<u>Vers 15-20:</u> Hier kom die hele volk by die tent van ontmoeting bymekaar, saam met die opstandelinge elk met sy vuurpan met vuur en wierook. En dan verskyn die magtige teenwoordigheid van die Here.

<u>Vers 21-27:</u> Aanvanklik sê die Here Moses en Aäron moet hulle afskei van die volk, sodat die Here die volk kan vernietig. Maar Moses en Aäron tree vir die volk in. Daarna sê die Here die volk moet hulle afskei van Korag, Datan, Abiram en almal by hulle.

<u>Vers 28-30:</u> Hier maak Moses bekend hoe dit duidelik gaan word dat die Here hom gestuur het. Hy sê die Here gaan iets nuuts doen, naamlik dat die aarde die opstandelinge met alles wat aan hulle behoort lewendig sal insluk, hulle sal lewendig in die doderyk afgaan.

<u>Vers 31-33:</u> Hier gebeur wat Moses gesê het: Datan en Abiram saam met hulle gesinne word deur die aarde ingesluk, asook Korag en die manne by hom. Om een of ander rede is Korag se gesin nie ook ingesluk nie – ons loop hulle weer later in die Skrif raak, dink maar net aan die Psalms wat deur die Koragiete geskryf is.

<u>Vers 34-35:</u> Die volk vlug weg uit vrees dat hulle ook ingesluk kan word. En dan stuur die Here boonop nog vuur ook wat die 250 leiers verteer.

Vers 36-40: Eleasar (seun van Aäron) moes die vuurpanne van die 250 leiers bymekaar gaan maak, dit uitklop tot dun plate, en dit gebruik om die brandofferaltaar oor te trek. Dit moes 'n herinnering aan die volk wees dat net iemand uit die geslag van Aäron priesterwerk mag doen.

Vers 41: Skokkend! Die volgende more beskuldig die volk Moses en Aäron dat hulle die volk doodgemaak het. Met die "volk" bedoel hulle Korag, Datan, Abiram en die 250 leiers.

Vers 42-45: Weereens verskyn die magtige teenwoordigheid van die Here, weereens sê die Here Moses en Aäron moet hulle van die volk afskei, en weereens val Moses en Aäron op hulle knieë en bid.

Vers 46: Moses stuur vir Aäron om vir die volk te gaan versoening doen deur 'n vuurpan met vuur en wierook te neem en dit gou na die volk te neem, want die Here het reeds begin oordeel deur 'n plaag te stuur.

Vers 47-50: Aäron, ten spyte van sy hoë ouderdom, hardloop onder die volk in en gaan staan tussen die dooies en die lewendes, en dan hou die plaag op. Bo en behalwe almal wat saam met Korag, Datan en Abiram gesterf het, sterf nog 14 700 deur die plaag.

Interpretasie van die Num 16 gebeure

Die gebeure in hierdie hoofstuk is al op verskeie maniere geïnterpreteer en toegepas:

- Ek het al gelees dat daar geredeneer word dat ons uit hierdie gedeelte moet leer om vergenoegd te wees met ons gawes. Korag moes tevrede gewees het dat hy 'n Leviet was en as deel van die Kehatgroep die voorreg gehad het om die tabernakel se meublement te dra, sonder om jaloers te wees op die priesters.
- Ek het ook al gelees dat leiers nie verbaas moet wees dat hulle teenkanting gaan ervaar en beskuldig gaan word dat hulle hulle hand oorspeel het nie, soos wat Moses en Aäron hier ervaar het.
- Ek het na 'n preek oor hierdie gedeelte geluister waar gesê is dat ons moet leer dat die Here mense soos Moses en Aäron gebruik – hulle is toegewyd aan die Here, hulle is nederig en bid gereeld, hulle het 'n dringendheid in hulle diens (dink maar aan Aäron wat onder die volk inhardloop).

Ek wil nie sê dat bogenoemde toepassings verkeerd is nie, maar ek is ook oortuig dat dit nie by die dieptepunt van die gebeure uit kom nie. Ek glo daar is baie meer in hierdie gedeelte. Ek glo ons moet die konteks van die hoofstuk in gedagte hou. Kan ek twee aspekte uitlig:

- Onthou die gebeure in Num 12 – daar by Gaserot het Mirjam en Aäron in opstand gekom teen Moses. Toe ons 'n paar weke gelede na daardie gebeure gekyk het, het ons gesien dat die Here baie duidelik onderstreep het dat Hy Moses aangestel het in sy rol. In Num 12:7-8 het die Here uitgewys hoe uniek Moses was. Die Here het Moses se rol verdedig, en Hy het aan Mirjam en Aäron gevra: "Waarom was julle dan nie bang om so met My dienaar Moses te praat nie". Ons het ook gesien hoedat Heb 3 die punt maak dat alhoewel Moses baie uniek was en 'n spesiale rol vervul het wat die Here aan hom gegee het, is Jesus nog heerliker as Moses. Hier in Num 16 is daar nou weer 'n opstand. Nou word Moses en Aäron se posisies bevraagteken, maar die keer deur 'n groep opstandelinge uit die volk. Soos wat die Here by Gaserot Moses verdedig het as die een wat Hy aangewys het, sien ons hier ook dat die Here beide Moses en Aäron verdedig deurdat Korag, Datan en Abiram en ander saam met hulle, deur die aarde ingesluk word, die 250 met vuur verteer word, en 14 700 lede van die volk deur die plaag sterf. Ons leer dus iets soortgelyks as in Num 12.

- Kommentatore is dit redelik eens dat Num 16 die eerste deel is van ‘n gedeelte in Numeri wat grotendeels handel oor die rol van die hoëpriester, die priesters en die Leviete. Blaai gou saam met my: Num 16 handel oor die opstand teen Moses en Aäron. Num 17 handel oor Aäron se kierie wat gebot het. Num 18 handel oor die pligte van die priesters en Leviete, en ook oor hulle versorging, en Num 19 handel oor die reinigingswater. Num 16-19 het dus ‘n groot fokus op die priesters, insluitend die hoëpriester, en die Leviete.

Kom ons hou dit in gedagte en probeer verstaan wat die Here vir ons hier wil leer.

Vir ‘n begin wil ek fokus op Korag – onthou ons het gesien Korag se beswaar was nie heeltemal dieselfde as die van Datan en Abiram nie. Uit Moses se gesprek met Korag in vers 8-11 is dit duidelik dat Korag meer as ‘n Leviet wou wees. Hy wou ook ‘n priester wees – miskien selfs hoëpriester wees. Soos Mirjam destyds, was hy jaloers – en het veral jaloers verlang na priesterskap. Uit die gebeure in die hoofstuk is dit duidelik dat die Here glad nie Korag se ambisie waardeer nie. Die Here straf Korag, deurdat hy lewendig in die doderyk ingaan as die aarde hom insluk. Duidelik is Korag nie die Here se keuse vir priester of selfs hoëpriester nie. Maar die Here doen meer as dit: Hy gebruik juis Eleasar, wat die seun is van Aäron, wat die hoëpriester is, om ‘n gedenkteken op te rig deurdat hy die altaar moes gaan oortrek met koperplaat wat geslaan was uit die vuurpanne van die 250 leiers wat doodgemaak is. Vers 40 maak dit baie duidelik: die Here se keuse vir priesterskap is Aäron en sy nageslag – net hulle mag offers na die altaar bring. En wanneer die Here die plaag onder die volk instuur, dan is dit juis vir Aäron, wat die hoëpriester is, wat Moses (en dus die Here) onder die volk instuur om vir hulle versoening te doen! Dit is immers juis die rol van die hoëpriester om versoening vir die volk te doen. En as Aäron, as hoëpriester, tussen die dooies en die lewendes gaan staan – en dan hou die plaag op, m.a.w. die Here aanvaar die versoening wat Aäron as hoëpriester bring.

Sien jy, die Here verdedig Aäron as hoëpriester: Dit is nie Korag nie (hy is lewend in die doderyk in), dit is Aäron! Die koperoorgetrekte brandofferaltaar herinner daaraan, en die feit dat die Here Aäron se offer aanvaar as hy tussen die lewendes en die dooies staan, bevestig dit! Die Here bevestig dit, soos wat Hy by Gaserot bevestig het Moses is die leier. Maar ons het ook gesien dat Heb 3 sê al het die Here Moses se rol so kragtig verdedig by Gaserot, het Jesus nog groter heerlikheid gehad as Moses. Lees Heb 5:4-5. Ja, daar is geen kwessie daaroor nie: Aäron was deur die Here aangewys en verdedig as hoëpriester. Maar ons weet, hy was maar ‘n Ou Testamentiese tipe van Jesus, wat die ware Hoëpriester is! Hy is boonop die Seun van God! As Aäron die Here se keuse was as hoëpriester, iets wat die Here dubbel en dwars gedemonstreer het in Num 16, wel net so seker is Jesus dan ook die Here se keuse as die ware Hoëpriester.

Nou, as Aäron, as hoëpriester, ‘n tipe was van Jesus, wat die ware Hoëpriester was, wat dan van Korag, die een wat gestreef het daarna om die hoëpriester te wees? Van wie is hy ‘n tipe? Wie is dit, wat volgens die Nuwe Testament, daarna streef om die Christus te wees? Is dit nie die antichris nie? Lees 1 Joh 2:18-19. Hier waarsku Johannes dat daar baie antichriste is wat uit die geledere van die gemeente na vore gaan kom – soos wat Korag deel van die volk was. Maar dit sal blyk dat hierdie antichriste nie werklik deel van die ware gemeente was nie, soos wat Korag nie werklik deel van die volk was nie en afgesny was. In Op 13 lees ons van die dier uit die see. Toe ons destyds na hierdie gedeelte gekyk het, het ons gesien dat die dier uit die see, Christus naboots – die dier uit die see is dus die antichris. Volgens Op 13:5 is die dier uit die see toegelaat om verskriklike dinge te sê – soos Korag wat gedurf het om vir Moses en Aäron te sê: “Dis nou genoeg. Die hele volk is aan die Here gewy. Waarom verhef julle julle bo die volk?” En dit nadat die Here alreeds by Gaserot Moses se rol ten sterkste verdedig het! In Op 13:8 lees ons dat die bewoners van die aarde die dier uit die see sal aanbid – soos Korag wat ‘n groep van 250 leiers oortuig het om hom te volg. In Op 19:20 lees ons

wat die uiteinde van die dier uit die see sal wees – hy word lewend in die vuurpoel gegooi wat met swael brand. Korag word lewend deur die aarde ingesluk, hy gaan lewend die doderyk in. Ek is dus van mening dat Korag 'n tipe is van die antichris.

Kom ons kyk na Datan en Abiram. Datan en Abiram het tot 'n groot mate Moses se gesag bevraagteken (vers 12-14). Hulle redeneer hy speel baas oor hulle, hy het hulle uit die land wat oorloop van melk en heuning gelei, en hulle nie gebring na die land toe wat oorloop van melk en heuning nie. Soos wat die Here alreeds by Gaserot bevestig het, bevestig Hy hier weer dat Moses wel die leier van die volk is – Hy doen dit deurdat Moses bekend maak dat hulle almal voor die Here moet verskyn met hulle vuurpanne, en dat die Here dan iets nuuts sal doen deurdat die opstandelinge deur die aarde ingesluk sal word. En dit gebeur presies soos Moses gesê het. Moses is dus die instrument wat die Here gebruik. Datan en Abiram gaan dan ook lewendig die doderyk in as die aarde hulle insluk. Duidelik, volgens die Here is Moses die leier van die volk, nie Datan en Abiram nie.

Opsommend: Uit Num 12 en 16 maak die Here dit baie duidelik: Moses is die leier van die volk, nie Mirjam nie, ook nie Datan en Abiram nie, ook nie die 250 leiers nie. Moses is. Die Here sê so. Die Here verdedig Moses se posisie. Hy is die leier – kan ek maar sê, Moses is die koning. Verder, Aäron is die hoëpriester, nie Korag nie. Aäron is. Die Here sê so. Die Here verdedig Aäron se posisie. Daar is in Engels 'n woord wat beskryf wat die Here hier doen: vindicate. Die Here "vindicate" Moses en Aäron in hulle rolle. Hy onthef hulle van enige blaam wat deur Mirjam, Korag, Datan of Abiram teen hulle ingebring is. Hy regverdig of verdedig hulle in hierdie rolle wat Hy vir hulle gegee het. Hy wil seker maak niemand moet enige twyfel hê nie: Moses is die leier, en Aäron is die hoëpriester! Hy "vindicate" hulle.

Maar nou: Moses is 'n tipe van Jesus. Aäron is 'n tipe van Jesus. Lees nou Heb 5:6. Jesus is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek! Ja, Hy is nie 'n Levitiese Priester of Hoëpriester nie. Hy is priester volgens die priesterorde van Melgisedek! Wat beteken dit? Lees Heb 7:1 – Melgisedek was koning van Salem <u>en</u> priester van God die Allerhoogste! In Jesus is Moses en Aäron se rolle gekombineer! Hy is Hoëpriester en Koning! Hy is die Priesterkoning!

Nou moet ons egter die vraag vra: As die Here in Numeri soveel moeite doen om Moses en Aäron te "vindicate" as leier en hoëpriester, wat nou van Jesus in die Nuwe Testament wat Priesterkoning is? Lees 1 Tim 3:16. Hier lees ons dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is (NAV), "mystery of godliness" groot is (NIV, ESV). En dan word daar 6 redes gegee waarom die waarheid van ons godsdiens so groot is. Ek wil maar net die tweede een uitlig: deur die Gees is bevestig dat die reg aan Sy kant is (NAV); (Hy) is geregverdig in die Gees (OAV); (He) was vindicated by the Spirit (NIV/ESV). Hier het ons weer daardie woord "vindicated". Die punt van die vers is dit: Een van die (ses) redes waarom ons godsdiens so groot is, is dat Jesus deur die Heilige Gees "gevindicate" is, d.w.s. verdedig is, geregverdig is, van enige blaam onthef is.

Verstaan jy wat Paulus se argument is? Soos wat die Here in Numeri absoluut seker gemaak het dat daar geen twyfel by enigiemand moes wees dat Moses die leier / koning is en dat Aäron die hoëpriester is wat Hy verdedig, geregverdig het, "gevindicate" het nie, so word Jesus ook "gevindicate". Let ook op, Paulus verduidelik dat Jesus se regverdiging / verdediging / "vindication" kom deur die Heilige Gees. Soos wat almal moes weet die Here het Moses as leier en Aäron as hoëpriester "gevindicate", so word Jesus as die Priesterkoning "gevindicate" deur die Heilige Gees.

Nou sou ons kon vra, hoe doen die Heilige Gees dit? Wel, Jesus het op die vooraand van Sy kruisiging dit aan Sy dissipels verduidelik. Lees Joh 15:26. Hier beloof Jesus die uitstorting van die Heilige Gees.

En Jesus verduidelik aan die dissipels dat wanneer die Heilige Gees kom, gaan Hy 'n spesifieke doel hê, en dit is naamlik om oor Jesus te getuig. Aan wie gaan die Heilige Gees die getuienis lewer? Enersyds teenoor die dissipels – in Joh 14:17 het Jesus al aan hulle verduidelik dat die Heilige Gees by hulle en in hulle gaan wees. Maar in Joh 16:8 verduidelik Jesus dat die Heilige Gees ook teenoor die wêreld gaan getuig. Wat is die inhoud van hierdie getuienis teenoor die wêreld? Hy gaan die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Van watter geregtigheid word hier gepraat? Seker tog die geregtigheid wat Jesus as die Hoëpriester sou bewerk. In Joh 16:12 verduidelik Jesus dat daar nog baie dinge is wat Hy graag aan Sy dissipels sou wou verduidelik, maar hulle sal dit nie nou kan begryp nie. Hulle moet wag tot die Heilige Gees kom. In Joh 16:13-14 verduidelik Jesus dan dat die Heilige Gees nie Sy eie agenda gaan hê wanneer Hy kom nie. Nee, Hy gaan net getuig van die dinge wat Hy van Jesus ontvang het, en sodoende sal Hy Jesus verheerlik. Sien, op hierdie stadium, voor die kruisiging, kon die dissipels nie volkome verstaan dat Jesus deur die kruisiging en die dood geregtigheid kom bewerk het nie, hulle kon nog nie verstaan dat Hy werklik die Hoëpriester is nie, en ook nie dat Hy die Opperkoning is nie – veral nie as Hy die volgende dag sterf nie. Maar na die kruisiging waar Hy in besonder Sy rol as Hoëpriester vervul het, na Sy opstanding wat bevestig dat die Vader Sy offer aanvaar het, en na Sy hemelvaart waar Hy as Koning Sy troon bestyg het, as die Heilige Gees dan kom en aan hulle verduidelik wie Jesus werklik is, as Hy dan Jesus verheerlik deur aan hulle bekend te maak dat Jesus die Priesterkoning is – dan kan hulle dit verstaan. Wanneer die Heilige Gees hulle hiervan oortuig, is dit niks anders nie as die Heilige Gees wat Jesus "vindicate" as die Priesterkoning!

Kyk nou wat gebeur op Pinksterdag. In Hand 2 lewer Petrus daardie hartroerende preek kort na die uitstorting van die Heilige Gees. En kyk hoe sluit hy sy preek af in Hand 2:36: "Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!" Sien jy, sodra die Heilige Gees uitgestort is, verstaan Petrus wie Jesus werklik is: Here en Christus! Hy is die Priesterkoning! Die Heilige Gees het Jesus "gevindicate", verdedig, geregverdig as die Priesterkoning en Christus.

Soos wat die Here in die woestyn baie duidelik gewys het Moses is die leier (nie Datan en Abiram nie) en Aäron is die hoëpriester (nie Korag nie), so wil die Here deur die Heilige Gees baie duidelik wys Jesus is die Priesterkoning (nie die draak, die dier uit die see en dier uit die aarde nie), Hy is die Christus. Die Heilige Gees getuig hiervan, Hy "vindicate" Jesus.

In ons tyd word Jesus op baie maniere en van vele dinge beskuldig deur 'n humanistiese wêreld. Maar dit is die Heilige Gees wat van Jesus getuig en Hom sodoende verdedig, wat Hom onthef van enige blaam wat ons tyd teen Hom bring, wat Hom as die Christus "vindicate". Deur die werk van die Heilige Gees kan ons seker wees, Hy is die ware Priesterkoning!